LAERSKOOL UNIKA

ONS BOU

# inligtingsbrief

Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

**26 Augustus 2019 / Nr. 27**

## 1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die **toetsreeks** is so te sê verby. Sterkte aan al die gr. 4-7-leerders wat Wiskunde op Vrydag, 30 Aug. skryf. Leer hard en lewer net jul beste.

Baie sterkte aan al die **gr. R**-personeel en leerders wat Vrydag, 30 Aug. en Saterdag, 31 Aug. hul **konsert** hou. Dit gaan verseker ŉ groot sukses wees met al die harde werk wat ingesit is en ons sien uit na die kleingoed se opvoerings.

Aan al Unika se sportspanne wat verlede week deelgeneem het aan verskeie byeenkomste - welgedaan! Ons is baie trots op julle . **Baie sterkte** vir die wedstryde wat die week voorlê. Geniet dit en hou Unika se naam hoog!

Baie dankie vir al die ongelooflike bydrae wat ons sover ontvang het van almal vir die **gemeenskapsprojek vir 4Paws.** Ons waardeer dit opreg. Indien enige iemand honde- of katkos, kombersies, speelgoed, sand ens. kan bydra sal ons dit baie waardeer. Ons wil graag help om 4Paws se las bietjie ligter te maak en glo ons kan ŉ verskil maak met u samewerking en goedhartigheid.

Welgedaan en dankie aan al **die gr.7's** wat ŉ tafel by die **koekverkoping** gehad het op Vrydag. Dit was voorwaar ŉ sukses.

## Toetsrooster : Derde kwartaal 2019

| Datum | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|
| Vrydag<br>30 Augustus | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| Vrydag<br>06 September | | | | SW: Geografie & Geskiedenis |

- Toetse word aan die begin van die dag geskryf. Alle leerders moet stiptelik om 07:40 begin skryf. Dit is baie steurend vir die res van die klas as iemand laat is.
- Afbakening word een week voor die tyd aan die leerders gegee. Dit verskyn dan ook op die webtuiste.
- Ouers teken toetse as leerders dit terugkry - dit is baie belangrik dat ouers kennis neem van punte.
- Vir navrae aangaande toetse - kontak eers vakonderwyser, daarna DPS.

- Indien u nog enige verdere navrae het, kontak adjunkhoof en hoof.

- Let asb. dat **konsessies** slegs vir leerders is wat deur die departement toegestaan is en waar die korrekte prosedures gevolg is:
  ***Navrae na Juffrou Suzette O'Connell: Suzette.OConnell@unika.co.za***

- ***NB: Gr 4 – 7 leerders wat 'n toets mis, skryf dit die eerskomende Maandag in die kantoor, gedurende saalopening.***
  ***Navrae na Juffrou Suzette O'Connell: Suzette.OConnell@unika.co.za***

## 2. KULTUUR & SPORT

Alle oefentye word op d6 geplaas. Inligting, wedstryde en optredes kan ook op d6 gesien word:

**Tennis-Seniors**

Dinsdag, 27 Aug.
- Seuns B-span teen Bryandale (tuis).

Woensdag, 28 Aug.
- Dogters A-span teen LLG (weg).

**Hokkie**

Dinsdag, 27 Aug.
- o/13-dogters speel by Randburg astro.

Donderdag, 29 Aug.
- Seuns – o/11 teen NWCS (by LLG).
- Mini-hokkie seuns en dogters o/7 tot o/9 by Fairland.

Vrydag, 30 Aug.
- o/13-seuns teen NWCS (by Curro Aurora).

**Krieket**

Maandag, 26 Aug.
- o/9A-span teen LLG (tuis).

Dinsdag, 27 Aug.
- 1ste span teen Christiaan de Wet (tuis).

Woensdag, 28 Aug.
- o/10A-span teen LLG (weg).
- o/10B-span teen LLG (tuis).

Donderdag, 29 Aug
- o/11A-span teen LLG (tuis).
- Mini-krieket o/7 & o/8 by CDW.

**Landloop**

Saterdag, 31 Aug.
- Gauteng – Phoenix High te Vereeniging.

**Koor**
Normale oefeninge op Donderdae na skool.
Die onderstaande brief is met trots en dankbaarheid ontvang van NG Kerk Weltevreden:

ng kerk weltevreden
*lewe vir die stad*

**Laerskool Unika Junior en Senior Koor**
**Laerskool Unika**
**011 888 4556**
unika@unika.co.za
22 Augustus 2019

Beste Laerskool Unika kore,

**JULLE WAS STERRE!**

Ons is so dankbaar vir jul inspirerende deelname aan die Vierde NG Weltevreden Koorfees deelname hierdie jaar!

Ons koorfees is daarop gemik om ons gemeenskap bloot te stel aan die vreugde van koormusiek in al sy fassinerende aspekte - van meer senior volwasse en professionele kore, tot die kore wat nog net hul eerste tree neem. Jul kore het ons met julle pragtige stemme vermaak en ons kan nie genoeg dankie sê nie. Nog een van ons doelwitte is om 'n vriendelike atmosfeer te skep waar kore NET SING! Geen kompetisie, geen vrees of trane nie, en om 'n platform te bied vir koorlede om waarlik pret te hê terwyl hulle hul passie beoefen.

Dit was vir ons 'n voorreg om julle koorlede en ondersteuners by ons te verwelkom en veral lekker omdat Laerskool Unika se kore so geesdriftig is en met soveel genot sing! Dis opmerklik hoeveel jul kore dit geniet om te sing!

Ons hoop dat ons weer volgende jaar kan staatmaak op jul deelname. Julle het ons werklik geseën met die geskenk van musiek! Duisend Dankies!

Groete uit die kerkkantoor!

| | |
|---|---|
| **Saret Britz** | **Christo Bezuidenhout** |
| Gemeentebestuurder | Musiek Koördineerder |
| NG Weltevreden | NG Weltevreden |

Tel 011 475 5510 | Faks 011 475 5350 | www.ngweltevreden.co.za | facebook: ngweltevreden

Corneliusstraat 1140, Weltevredenpark, 1709

**Skaak**
JNW-Skaakliga 2019:
Ontwikkelingspanne- Vrydag, 13 September
Gevorderde skaak- Saterdag, 14 September
Meer inligting sal volg aan leerders wat gaan deelneem.

**Eisteddfod:**
Alle Sentraal-Gauteng Eisteddfod musiekuitslae vir erkenning tydens die toekenningsoggend kan na juffrou Maritza Nell gestuur word by Maritza.Nell@unika.co.za.
Stuur slegs afskrifte en maak asb. seker die simbool A / A+ is sigbaar.

## 3. SKOOLGELD 2019 / 2020

2019:

Baie dankie aan ouers wat gedurende 2019 getrou skoolgeld betaal het. Die laaste betaling van 2019 se skoolgeld is betaalbaar teen einde Oktober 2019. U samewerking word opreg waardeer.

2020:

Ons is tans in die begrotingsproses en skoolgeld vir 2020 word by die Algemene Jaarvergadering op 22 Oktober 2019 vasgestel. Ons herinner ouers graag aan die eerste betaling van 2020 se skoolgeld wat R2000 beloop. Ouers word gevra om hierdie betaling teen nie later as 30 November 2019 te betaal nie. Hierdie bedrag vorm deel van 2020 se skoolgeld en sal van die totale bedrag afgetrek word. Ouers wat die bedrag per debietorder wil betaal, word gevra om asb. 'n epos aan me. Cronje te stuur by carien.cronje@unika.co.za.

## 4. SOMERSDRAG

Leerders mag reeds somersdrag dra. Let wel dat dit die volledige somersdrag moet wees en indien wintersklere, volledige wintersdrag. Geen gekombineerde drag sal aanvaar word nie. Op BL dae is dit 'n volledige sweetpak. **Amptelike somersdrag is vanaf Maandag, 9 Sept**.

## 5. LOSLITDAG

Op **Vrydag, 6 September** is dit **Loslitdag**-"Casual Day". Hierdie jaar se tema is: **"'n Tyd om te skyn"**. Leerders kan by deelnemende winkels hulle plakkers koop teen R10 'n plakker. Alle gelde wat ingesamel word, gaan om lede van die publiek met gestremdhede te ondersteun. Laerskool Unika gaan ook op 6 September, **Lentedag** vier en alle leerders kan hulle lenteklere aantrek om die koms van lente te geniet.

## 6. SUPERBRU – GRAAD 7-PROJEK

Die toernooie begin 20 September en eindig op 2 November 2019.
'n Brief rakende die inligting oor die toep is op die d6 beskikbaar.
Kom deel gerus saam in ons opgewondenheid!



## 7. SPRINGBOK WêRELDBEKER – ONDERSTEUNING

Op **Vrydag, 13 September en Vrydag, 4 Oktober** ondersteun Laerskool Unika die Springbokke met die wêreldbeker en versoek dat alle leerders ŉ springboktrui, T-hemp of enige groen hemp ens. dra. Moet asb. nie onnodige aankope doen nie – solank dit groen is.

## 8. PROSEDURES VIR E-POSSE AAN PERSONEEL

*Neem asb. kennis van die prosedures van e-posse aan personeel:*
*Alle **sportverwante sake** - sport@unika.co.za*
*Alle **akademiese sake** – Eerste aan vakonderwyser: "cc" vir Angelique Godfrey (angelique.godfrey@unika.co.za) in asook vir Elna van Zyl (elna.vanzyl@unika.co.za).*
*Alle **graadverwante sake** – Stuur e-pos aan graadvoogde:*

*Graad 4: Estelle Els (estelle.els@unika.co.za)*
*Graad 5: Zani Geldenhuys (zani.geldenhuys@unika.co.za)*
*Graad 6: Belinda Swanepoel (belinda.swanepoel@unika.co.za)*
*Graad 7: Neal Stevenson (neal.stevenson@unika.co.za)*

*Enige **ander sake (bv. Siekte, laat kom, algemene navrae ens.)** – (ontvangs@unika.co.za)*

## 9. POSTE BESKIKBAAR

**LAERSKOOL UNIKA** is 'n publieke skool in Robindale, Randburg. Medium van onderrig is Afrikaans. Die volgende vakante poste is beskikbaar vir ervare, dinamiese en toepaslike gekwalifiseerde onderwyser/es vanaf 01 Januarie 2020.


**Pos 1 & 2 : SBO-Studente – 1x Grondslagfase en 1x Seniorfase (mans en dames).**
**Pos 3 : 1x Onderwyseres vir graad R.**
**Pos 4 : 1x Onderwyseres vir graad 1.**

**Posbenaming**
Onderwyser/es met Beheerliggaam-aanstelling.

**Posvereiste**

- Bewese rekord van uitnemende onderrig.
- Toepaslike onderwyskwalifikasie(s).
- Uitstekende menseverhoudings, administratiewe- en organisatoriese vaardighede.
- Sport-en kultuurafrigting is ŉ sterk aanbeveling.
- Toewyding en ŉ liefde vir jong kinders.

CV's kan per e-pos gestuur word aan unika@unika.co.za.
Vir verdere besonderhede, kan die kantoor gekontak word by (011) 888 4556, gedurende kantoorure. Sluitingsdatum vir alle aansoeke is **Maandag, 9 September 2019**. Slegs kandidate wat op die finale kortlys geplaas word, sal vir ŉ onderhoud gekontak word.




**Kantoorspasie te huur**

**Een netjiese kantoor is beskikbaar in ons huiskantoor in Darrenwood/Cresta. Die kantoor (11m²) wat reeds met meubels toegerus is, is in 'n Afrikaanse werksomgewing en is onmiddellik beskikbaar. Die gebruik van 'n raadsaal, kombuis en netjies opgeknapte badkamers en skadunet parkering is ingesluit en is ideaal vir iemand wat 'n basis soek om kliënte te ontmoet. Goeie beveiliging, gevestigde netjiese tuin en swembad en ander fasiliteite. R1 540 p/m. Munisipale koste pro rata maandeliks addisioneel.**

**Kontak: Jan by 083 630 6187 of Merene by 082 783 2661**

*La Couronne Dental Care*

**Tandarts /Dental Surgeon**

**Dr. Ryno de Vos**

**011 792 2555/6**

info@lacouronnedental.com

168 Oak Ave, Ferndale Ridge, Randburg

*"We can't wait to see your Smile!"*


KOM GENIET 'N HEERLIKE KUIER
BY NG KERK LINDENPARK SE
Lente
KERKBASAAR
Datum: 7 September 2019
Tyd: 09h00 - 14h00
VIER DIE LENTE SAAM MET ONS
EN GENIET 'N HEERLIKE OGGEND VAN GESELLIG KUIER.
BASAAR BEDERF TE KOOP
BASAARPOEDING, PANNEKOEK, BRAAI, KERRIE & RYS,
GEVULDE VETKOEKE, TEETUIN & SMULLEKKER
TUISGEBAKTE LEKKERNYE...
AKTIWITEITE
KINDERVERMAAK, SKYFSKIET, WIT OLIFANT, BOEKE,
VERSKILLENDE NUTTIG EN KUNSTIGE BUITESTALLETJIES.
KONTAK VIR VERDERE NAVRAE:
Die Kerkkantoor: 011 782 0203
Ronel Fourie info@lindenpark.co.za
h/v Central en Bram Fischer, Linden Uitbr, Randburg

## CHICKEN & FLATTIES

Whole Bird R40.50/kg
Half Bird R41.50/kg
Flattie R41.50/kg
Flattie (marinated) R47.00/kg
(Lemon or BBQ)

## BRAAI PACK


Braai Pack R47.50/kg
Half Braai Pack R47.50/kg
Half Starpack R51.50/kg
Starpack R51.50/kg
Drumsticks R51.50/kg
Thighs R50.00/kg
Deboned Thighs R80.00/kg
Breasts R45.50/kg

## WINGS

Wings R48.00/kg
Buffelowings R50.00/kg

## FILLETS & OTHERS

Fillets 6 R67.00/kg
Fillets 4 R67.00/kg
Sosaties(curry)R68.000/kg
Sosaties(BBQ)R68.000/kg
Pattie R67.00/kg
Chicken Mince R67.00/kg
Chicken Cheese Sausage R68.00/kg
Chicken Sausage R68.00/kg



# SAVANNA HOENDERS

## Farm Fresh Chicken's

**EMAIL YOUR ORDERS TO :**
**mandysteynabc@gmail.com**

# VERLOOP BUILDING

ALEX VERLOOP
083 400 2766
abwverloop@gmail.com
www.verloopbuilding.co.za
www.facebook.com/VerloopBuilding/
2 Nicolyn Avenue, Ruiterhof, Randburg

**QUALITY AND EFFICIENT WORKMANSHIP GUARANTEED**

## SERVICES

- Building alterations
- Revamping bathrooms
- Rhinolite
- Tiling / Cladding
- Carpentry
- Electrical
- Plumbing
- Painting
- Ceilings
- Water and damp proofing

# Ekstra wiskunde klasse

saam met **JUF. MARIETTE GALJAARD**

Graad 4 - 7 en Rocknrolla Einsteins

Inskerping van tafels
Vaslegging basiese en nuwe beginsels
Video's met werkkaarte

kontak
mariette.galjaard@unika.co.za
vir meer inligting







# Wynveiling

## Kerspakkies vir behoeftiges

## Vrydag 30 Augustus 2019 - 18:30

NG Kerk Randburg, h/v Doverstraat en Vinelaan, Ferndale

**Wyn vir alle smake – om te geniet en te bêre.**

**Heerlike kos- en kuieraand.**

**Kaartjies @ R100-00 by ngrburg@mweb.co.za; SMS – 083 226 9988**

**Nooi die vriende en familie – bespreek 'n tafel.**

***Ondersteun die projek en maak 'n verskil in 500 mense se lewens!***





# *Inspirasiedag*

## *Saterdag 14 September 09:00 – 12:00*

## *Nooit terug ... altyd vorentoe!*

## Pieter de Villiers

**Kies om positief te leef vir die toekoms ... ja, dit is regtig moontlik en baie nodig in 2019.**



## NG Kerk Randburg

h/v Doverstraat en Vinelaan, Ferndale.

Geen koste. Nooi die vriende, familie en kollegas.

Bespreek plek per e-pos (ngrburg@mweb.co.za) of SMS (082 552 5093).

'n *Oggend van inspirasie vir elkeen* – ongeag ouderdom of omstandighede!

# Die ontwikkeling van Durf, Volharding (Grit), Veerkragtigheid (Resilience) en Emosionele Intelligensie (EQ) by kinders

In vandag se uitdagende wêreld wat verskeie eise stel aan ons kinders, is dit toenemend belangrik dat hulle oor die eienskappe van durf, volharding (grit), veerkragtigheid (resilience) en emosionele intelligensie (EQ) beskik. Al hierdie eienskappe kan ontwikkel word by kinders.

Kom luister gerus na 'n praatjie oor hoe om hierdie karaktereienskappe in jou kind te ontwikkel**.** Hierdie praatjie word aangebied deur **Dr Jopie De Beer**, 'n sielkundige wat internasionaal erken word as deskundige op hierdie gebied. Dr De Beer is een van die stigters van die JvR groep van maatskappye wat onder andere psigometriese toetse aan sielkundiges, opvoedkundigesielkundiges, sosialewerkers, arbeidsterapeute en bedryfsielkundiges verskaf. Hulle verskaf ook sielkundige dienste aan individue en die korporatiewe wêreld.



| | |
|---|---|
| Datum: | 10 Oktober 2019 |
| Tyd: | 18h00 – 20h00 |
| Plek: | Domus Dei Kerk (Voorheen Randburg-Suid)<br>Daar is twee ingange: (1) 30 Jeanweg en (2) 41 Malcolmweg, Blairgowrie<br>Sekuriteit word verskaf by parkeerareas |
| Koste: | Gratis |
| RSVP: | Sandra \| Tel: (011) 787 4004 (slegs tussen 9.00 en 13.00)<br>of 072 306 4727 of randburgsuid@hotmail.co.za |